

## Sing vooraf staande: Psalm 76:1, 4 (p. 380)

- 1 Die HEER wat woon in donker tent, / maak Hom by Juda's stam bekend;  
daar word sy wonderdaad vertel, / sy Naam is groot in Israel;  
in Salem met sy veil'ge skanse, / daar straal sy huis met vredeglanse.
- 4 Hoe vreeslik, HEER, is u gerig! / Wie kan bestaan voor u gesig?  
U laat van bo die oordeel hoor, / u donderwoord, die wêreld oor;  
die aarde, uit skrik vir u vermoë, / lê stilverlate voor u oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 18:1, 15 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 15 God het met krag my aangegord; / deur Hom 't my weg gelyk geword.  
Hy laat my voete op dié baan / so maklik soos die herte gaan,  
en lei my na die hoogtes dan / van seëpraal en heerskappy;  
my hande leer Hy om te stry, / dat ek 'n koperboog kan span.

Gebed

## Psalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

**Skriflesing:** Sagaria 4

**Kernverse:** Sagaria 4:6, 10

**Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërske.**

**Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe—die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop—met blydschap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?**

(Sagaria 4:6, 10 AFR53)

**Tema:** Deur die Gees van die Here kan ons werk, daarom het selfs ons kleinste werkie 'n plek in God se koninkryk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n geloofsgemeenskap, 'n kerk, klein geword het en jaar na jaar kleiner word, kan 'n mens maklik moedeloos word. Ons, as die Gereformeerde Kerk Bellville, het as 'n stedelike gemeente hierdie afname in lidmaatgetalle nog nie beleef nie. Ons bly redelik konstant met lidmate wat vertrek en ander

lidmate wat van ander Gereformeerde Kerke met attestaat by ons gevoeg word. Maar as 'n mens in die Almanak naslaan, sien jy dat daar in 2013 en 2014 vyf Gereformeerde Kerke is wat ontbind het. Die Gereformeerde Kerke oor die land heen het oor die afgelope jaar met 'n hele twee duisend agt honderd agt en twintig lidmate kleiner geword.

As ons so vinnig so min word, kom daar by 'n mens 'n klomp vrae op. Vanaand staan ons stil by twee van die baie vrae wat by 'n mens kan opkom, naamlik:

1. Kan daar weer herlewing kom in die kerk, kan daar groei in geloof en getalle kom? en
2. As ons so min is, sal ons bydrae enigsins 'n effek hê in die wêreld waarin ons bly?

Wat die eerste vraag betref: Daar is baie dinge wat ons as gelowiges en die kerkraad kan doen om hierdie bouwerk en herlewing te bevorder of te vergemaklik. Ons kan allerhande programme onderneem. Daar kan die beste toerusting gegee word. Ons kan al hierdie dinge met groot ywer doen, maar steeds bly die vraag in ons almal se gedagtes maal: Sal dit werk, sal daar iets van kom? Sal ons 'n warm en hartlike geloofsgemeenskap kan wees wat borrel van blydschap en aanloklik lyk vir buitelanders? Sal daar 'n volkskaalse herlewing kan kom by ons? Die Heilige Gees beantwoord hierdie vrae vanaand.

Serubbábel, van wie ons hier gelees het, was die goewerneur in Jerusalem en die Here het deur sy Woord wat Sagaria en Haggai verkondig het dit in Serubbabel en die volk se hart gelê om die tempel te herbou. Kores, die Persiese koning, het reeds in 538 vC toestemming gegee dat die Jode in ballingskap na hulle vaderland kan terugkeer. In 536 vC het hulle ywerig begin om die tempel te herbou wat deur Nebukadnesar verwoes is. Weens verskeie teëslae, armoede en die vyandskap van die Samaritane en Arabiere se kant af, is hierdie bouwerk in 530 vC gestaak. Eers toe Sagaria en Haggai in 520 vC as profete begin optree het, is hierdie bouwerk aan die tempel deur Serubbabel en die volk hervat.

In hierdie hoofstuk wat ons vanaand gelees het, het die Here twee boodskappe vir Serubbabel deur die profeet Sagaria. Die eerste boodskap is dat die Gees van die Here Serubbabel en die volk sal bemagtig. En die tweede boodskap is dat Serubbabel en die volk daarin sal slaag om die tempel te voltooi.

Broers, susters en kinders, in hierdie naggestig van Sagaria bemoedig die Here sy volk. Hy bemoedig hulle deur te sê hoe kosbaar en hoe duursaam hulle werklik is. In hierdie naggestig is die geloofsgemeenskap die kandelaar wat Sagaria gesien het. Dit is die gelowiges wat saam met Serubbabel besig is om aan die tempel te bou. Hierdie gelowiges is die kerk van die Here in die Ou Testament. In die Nuwe Testament gebruik die Here weer hierdie beeld van die goue kandelaar as Hy van sy kerk praat (Open 1:20).

Let nou op, geliefdes, hoe die Here hierdie kerk van Hom noem. Die kerk is nie sommer maar net 'n kandelaar nie. Die kerk in die Nuwe Testament, ja, ook die Gereformeerde Kerk Bellville, is nie maar net 'n kandelaar of 'n erdeblaker vir 'n kers waarvan die erd al hier en daar afgekom het nie. Die Here noem sy kerk 'n goue kandelaar. Goud wil sê dat hierdie kandelaar duursaam en kosbaar is – duursaam, want dit gaan lank hou, en kosbaar, want dit is baie, baie werd.

Tog het die gelowiges in die tyd van Sagaria hulleself nie so duursaam en kosbaar gesien nie. Hulle is maar 'n handjievool brandarm Jode wat uit die ballingskap kom. Hulle is 'n brose gemeenskap wat maklik ontmoedig word weens hulle omstandighede. Hulle is 'n klein geloofsgemeenskap in 'n oorweldigende vyandige omgewing. Hierdie klompie gelowiges het hulleself ook afgevra: Hoe sal ons dit regkry om te doen wat die Here van

ons verwag? Sal ons ooit hierdie tempel gebou kan kry sodat die Here daarmee tevrede sal wees?

Hoe lyk ons vir onself, broers, susters en kinders? In vergelyking met die ander Gereformeerde Kerke en teenoor die ander kerke in die stad, is ons ook maar 'n handjievol, nie so ryk gelowiges. Ons is ook maar 'n brose gemeenskappie, want kyk hoe min is ons hier bymekaar. En as ons nog hoor hoe die Here wil hê dat sy kerk moet wees en groei en ons sien hoe min ons is en hoe beperk ons vermoëns is, raak ons ook maklik moedeloos. Ons is maar 'n klein ou geloofsgemeenskappie en die vyandige magte en die hindernisse wat die bouwerk en groei verhinder, lyk oorweldigend. Miskien sê ons nou al dat dit nie eers sal help dat ons probeer om 'n herlewing in hierdie gemeente te kry nie. Die groef waarin ons beland het, is diep en gemaklik en verg nie veel moeite van ons nie. So, laat ons maar daarin bly.

Ons sien onself so as kerk, geliefdes, maar die Here noem ons 'n goue kandelaar. Ons is nie uit onself goud nie. Die goud slaan nie van binne af deur omdat daar aan ons gevryf en geskaaf word nie. Ons is as kerk kosbaar omdat ons vir die Here soveel werd is dat Hy sy enigste Seun vir ons aan die kruis geoffer het. Daarom is ons baie, baie werd vir die Here. En ja, ons is ook duursaam. Hierdie gemeente bestaan al immers sewe en vyftig jaar. Die lig van hierdie kandelaar is nog aan die brand. En hierdie kandelaar se lig sal nog helderder brand en aanhou brand.

Hoe sal dit kan gebeur? kan jy miskien vra. Die lig van hierdie gemeente sal helder bly brand en al helderder brand, nie omdat die kerkraad nog toerusting gaan ontvang nie, nie omdat die ouderling jou weer by huisbesoek gaan aanspoor om jou gawes tot eer van God aan te wend nie, nie omdat die preke al beter gaan word nie, maar deur die Gees van die Here.

**Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaar.** (Sagaria 4:6 AFR53)

Hierdie gemeente se toewyding aan die Here gaan nie toeneem en beter word oor alles wat ons in hierdie jaar gaan aanpak nie. Ons toewyding aan die Here is net iets wat deur die Heilige Gees in ons bewerkstellig sal word.

Dat die herlewing en hernude moed en krag om die bouwerk aan die tempel te doen net van die Heilige Gees af kom, het nie beteken dat Serubbabel niks meer hoef te doen nie. Die herlewing wat die Heilige Gees bewerk, was juis die aansporing vir Serubbabel om aan te hou met harde werk. Ons toewyding aan die Here en die herlewing in ons verhouding met die Here word deur die Heilige Gees bewerk. En die Gees se werk is juis vir my en jou die aansporing om te volhard in die bouwerk wat die Here vir ons gegee het.

Dit bring ons, geliefdes, dan by die maniere wat die Here gebruik om die lewe van sy gemeenskap van gelowiges te onderhou en te laat groei. Eerstens is daar die twee leiers van die geloofsgemeenskap in Jerusalem wat deur die twee olyfbome weerskante van die kandelaar voorgestel word. Hulle is die twee gesalfdes wat in diens van die almagtige Here staan, naamlik Serubbabel, die goewerneur, en Jesua, die hoëpriester. As diensknegte van die Here is Serubbabel en Jesua aan die Here verantwoording verskuldig vir die werk wat hulle moet doen. Maar hulle is ook gesalfdes. Hulle is met die Heilige Gees gesalf. Deur die Gees is hulle aangestel vir die werk wat hulle moet doen en die Heilige Gees maak hulle ook bekwaam, Hy bemagtig hulle vir die werk. Serubbabel en Jesua kry van God die krag en gesag deur sy Gees om die geloofsgemeenskap aan te spoor vir die bouwerk. Serubbabel sal die Jode in Jerusalem nie maar net met sy woorde aanspoor nie,

maar deur self ook te bou. Met sy eie hande sou Serubbabel die laaste klip van die tempel op sy plek sit, sê die Here die Almagtige.

'n Ander manier wat die Here gebruik het om die lewe van die geloofsgemeenskap in Jerusalem deur sy Gees te onderhou, kom nie met die eerste oogopslag uit hierdie Skrifgedeelte na vore nie, maar in die groter geheel van die boek Sagaria word dit wel duidelik. By twee geleenthede, in die eerste en in die sewende hoofstuk van hierdie boek vereenselwig Sagaria die woorde wat hy moet spreek met die woorde van die vroeëre profete. En in Sagaria 7 word dit duidelik gesê dat die woorde van die profete die boodskap van die Here die Almagtige is wat Hy deur sy Gees gestuur het. Die prediking van die profeet Sagaria is dus ook die boodskap wat die Here deur sy Gees gestuur het om die lewe van die geloofsgemeenskap in Jerusalem te onderhou.

Kortliks net dit: Dit is nie Serubbabel, Jesua of Sagaria wat die herlewing in die gelowiges van Jerusalem bewerk het nie. Hulle was net met die Gees gesalf, aangestel en bemagtig vir die werk wat die Here vir hulle gegee het. Dit is die Heilige Gees wat die herlewing bewerk het. Daarom moes Serubbabel en al die ander gelowiges voortdurend onthou dat hulle God nodig het om die werk van die Here te doen soos wat Hy dit wil hê. Die Heilige Gees is die kragbron vir gelowiges om die werk in God se koninkryk te doen.

Dit is waar, broers, susters en kinders, dit is nie die ouderlinge of diakens wat die herlewing in hierdie gemeente sal kan bewerkstellig nie. Ons gaan ook nie 'n herlewing beleef deur allerlei toerusting, huisbesoeke, Bybelstudies of eredienste nie. Dit is net die Heilige Gees wat die herlewing en groei in hierdie gemeente kan bewerkstellig. Maar steeds werk die Here soos wat Hy destyds in Sagaria se dae gedoen het. Hy het mense aangestel, die ouderlinge en diakens, en met sy Heilige Gees bemagtig die Here ons om die werk te doen wat Hy gedoen wil hê. Die ouderlinge en diakens is bloot instrumente waardeur die Heilige Gees met die Woord van die Here die herlewing en groei in hierdie gemeente gaan bewerkstellig.

Ja, dit is nou goed om te weet dat die Heilige Gees ons bemagtig om die werk in God se koninkryk te doen, maar ons is so min. Miskien het jy jouself ook al afgevra: Wat kan ek tog bydra tot die koninkryk van God? Die koninkryk van God is tog so groot en die bietjie wat ek kan doen sal mos nie eers 'n effek hê nie. Dit is soos om 'n emmer water na die see toe aan te dra en daarin uit te stort. Die see sal tog nie voller word daarvan nie.

Miskien is jy nie so negatief oor die bietjie wat jy kan bydra nie, want jy weet die Gees van die Here maak jou bekwaam om te werk. Maar tog sien jy 'n klomp hindernisse raak. Jy lyk vir jouself onbelangrik teenoor so baie ander mense in die gemeente wat in jou oë soveel meer tyd en gawes het as jy. Of dalk reken jy jy is te oud of te jonk of jy het nie die nodige ondervinding om die werk te doen nie. Hindernisse kan ook iets buite 'n mens self wees. Die omstandighede lyk nie goed nie of die voorbereidingswerk lyk so groot teenoor die eintlike bouwerk, dat 'n mens byna nie kans sien om te begin nie.

Dit is oor hierdie hindernisse en hierdie klomp vrae dat die Here 'n tweede boodskap aan Serubbabel gebring het deur sy profeet Sagaria. Die Here het vir Serubbabel en die volk verseker en bemoedig dat Serubbabel die bouwerk aan die tempel sal begin en dit ook klaarmaak.

Na aanleiding van die antwoord op die eerste vraag kan 'n mens sê: Serubbabel was betrokke in die werk van God se koninkryk. Die tempel wat herbou moes word, het 'n plek in God se geskiedenis met sy mense, en in besonder het die tempel 'n plek in die koms

van God se koninkryk na hierdie wêreld. Deurdat hulle die tempel herbou het, het hulle die weg voorberei vir ons Here Jesus. Jesus Christus het immers na die tempel toe gegaan en daar het Hy aangekondig dat die koninkryk van God naby gekom het. Aangesien werk in die koninkryk van God slegs kan geskied wanneer die Gees van die Here 'n mens daarvoor bekwaam maak, is hierdie boodskappe in besonder aan Serubbabel gebring.

Oor hoekom die tweede boodskap ook spesifiek aan Serubbabel gebring is, is dit nodig om weer te let op wie Serubbabel was. Hy was die goewerneur. Serubbabel het dus uitsonderlike leierseienskappe gehad sodat die koning van Persië hom as goewerneur aangestel het. Serubbabel was immers self een van die Joodse bannelinge. Maar ondanks die feit dat hy maar 'n Jood in ballingskap was, het die Persiese koning die eienskappe in hom raakgesien wat van hom 'n leier gemaak het. Daarom het die Here die eerste boodskap spesifiek tot Serubbabel laat kom: Onthou, Serubbabel:

**Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaar.** (Sagaria 4:6 AFR53)

Die feit dat Serubbabel goewerneur is, kan ook 'n rede vir hierdie tweede boodskap spesifiek aan hom wees. Hy is mos die goewerneur en moet die koning van Persië se belange in Jerusalem en Judea bestuur. Dit is 'n groot en verantwoordelike werk en in die oë van mense soms groter en belangriker werk as om 'n tempel te herbou. Daarom sê die Here:

**... wie verag die dag van klein dinge ...?** (Sagaria 4:10 AFR53)

In die oë van mense kan die herbou van die tempel maar nietig lyk teenoor die regering van 'n land, maar vir die Here is dit belangrik, want die tempel het 'n plek in God se groot koninkryk wat selfs die magtige Persiese Ryk omvat.

Geliefdes, hierdie redenasie is egter nie net tot Serubbabel beperk nie. In ons almal is daar hierdie geneigdheid om te dink: Ek het so baie kwalifikasies, ek het matriek en 'n graad, ek is 'n bestuurder, hoe kan ek nou 'n handlangers se werk staan en doen? Dit is mos verregaande om van iemand met sulke eienskappe te verwag om sulke onbeduidende werk te staan en doen. Maar is dit nie die Here wat juis hierdie werk, wat vir ons so onbelangrik lyk, op ons pad bring om te doen nie. En as die Here die werk vir ons gee om te doen, kan dit nie so onbelangrik wees nie. Om byvoorbeeld katekisasie-onderrig te gee as kategeet of ons as ouers by die huis, is beslis nie 'n minder belangrike werk as om huisbesoek te doen, te preek of te sorg dat daar geld is vir kos en klere by die huis nie. As die Here aan ons die opdrag gee om hierdie kleintjies van sy magtige daad te vertel, is dit omdat hierdie werk 'n plek het in God se koninkryk.

Jou onderrig, Pa en Ma, Oom en Tannie, word deur die Here gebruik om die koninkryk van Jesus Christus in die lewe van hierdie kinders te laat deurbreek. Jy doen dit nie omdat jy watter kwalifikasie ook al het nie, want dit is nie jou kwalifikasie wat die blydskap in diens van die Here vir daardie kind gaan verseker nie. Jy doen dit deur die Gees van die Here omdat jy die Here liefhet.

Broers, susters en kinders, ons moet mos dieselfde gesindheid as Jesus Christus hê. Jesus is immers self God. Hy is almagtig. Deur Hom het sy Vader alles geskep wat daar bestaan. En toe die Vader aan sy Seun die opdrag gee om mens te word om nietige, onbeduidende mense te verlos, het Hy nie gesê: Maar, Vader, Ek is God, Ek moet mos belangriker werk doen as om 'n mens te word, nie. Nee, die Seun van God het die opdrag van sy Vader uitgevoer, want vir sy Vader is dit belangrik dat mense van 'n ewige verdoemenis gered moet word. Daarom het Jesus die gestalte van 'n slaaf aangeneem en

was Hy tot in die vernederende dood aan die kruis gehoorsaam aan sy Vader. Deur hierdie vernederende werk wat Jesus gedoen het, het die koninkryk van God op die aarde deurgebreek.

Watter opdrag die Here ook al aan jou gee, of dit nou is om 'n kind van die Here te vertel, of 'n bejaarde lidmaat wat aan Alzheimer ly en jou nie eers herken nie te besoek, of 'n stukkie brood vir 'n honger een met liefde te gee, laat ons hierdie boodskap van die Here ter harte neem: Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie. Jou vertel, jou besoek, jou aangee het 'n plek in die groot en allesomvattende koninkryk van God, net soos wat jou belangrike werk as broodwinner of bestuurder of ouderling of diaken 'n plek het in God se koninkryk.

Van 'n ander kant af gesien, kon Serubbabel ook gereken het: Maar ek het nie die ervaring om te bou nie. Hy is immers 'n goewerneur en wat weet hy nou van stene en messel. Vir Serubbabel was sy onervarenheid met betrekking tot bouwerk aan die tempel 'n groot hindernis. Vir hom het die opdrag om die tempel te herbou soos 'n berg voor hom gelê.

Maar dit was nie net sy onervarenheid wat 'n hindernis was nie. Op die terrein waar die tempel herbou moes word, het nog 'n groot klomp rommel gelê soos wat Nebukadnesar die tempel verwoes het en die bossies weer oorgeneem het nadat die herbou aan die tempel tien jaar vantevore gestaak is. Hierdie hindernis om met die werk te begin was net so groot. Daarby was daar nog die armoede van die volk – hulle sou nie weer sulke mooi en duursame hout en ander materiaal kon bekostig nie. En by dit alles was daar nog die vyandigheid van die Samaritane en Arabiere wat 'n hindernis was.

Van al hierdie hindernisse, wat inderdaad so groot soos 'n berg is in die oë van Serubbabel en die volk, praat die Here verkleinerend en vernederend. Hoor hoe sê die Here dit:

**Wie is jy, groot berg? Voor Serubbabel sal jy tot 'n gelykte word!**  
(Sagaria 4:7 AFR53).

Serubbabel sou immers nie met eie krag en mag slaag nie, maar deur die Gees van die Here. Met die krag van die Heilige Gees word watter groot berg van probleme ook al, nie maar net 'n molshopie nie, dit word 'n gelykte. Deur die Heilige Gees is die tempel voltooi en is die voorbereiding van die koms van God se koninkryk gedoen.

En daardie een wat gedink het dat sy bydrae by die herbou van die tempel so gering is omdat hy maar net kan skoffel of 'n steen aangee, was nie so klein dat dit maar oorgeslaan kon word nie. Selfs daardie klein werkie om te skoffel of 'n steen aan te gee, het uiteindelik bygedra tot die voltooiing van die tempel en die voorbereiding van die weg van die Here Jesus. Die koninkryk van God is immers groot en daarom is geen werk, hoe klein ook al, onbelangrik nie.

Buitendien het die Here self toesig gehou oor die werksaamhede by die tempel. Sy oë is alsiende. Hy weet van die gevare wat die Samaritane en Arabiere inhou. En Hy is almagtig. Hy kan en het die vyande eenkant gehou sodat Serubbabel-hulle rustig kon voortgaan met die bouwerk.

Geliefdes, hierdie bemoediging wat die Here aan Serubbabel-hulle gegee het, geld ook vir ons. As die Here aan ons 'n opdrag gee of skielik 'n dienswerk op een van ons se pad bring, moet ons nie sê ons sal eers iemand kry wat dit kan doen nie. Die Here het nie menslike bekwaamheid nodig sodat sy dienswerk gedoen kan word nie. Hy bemagtig elke

kind van Hom met sy Gees sodat hy en sy daardie dienswerk kan doen wat Hy aan hulle voorsien het.

Moet ook nooit dink dat jou bydrae so klein is dat jy dit maar agterweë kan laat nie. Elke liewe werkie wat elke dienskneg – klein en groot, oud en jonk – in diens van God se koninkryk doen, is van belang. Dit kan nie en mag nie sommer net agterweë gelaat word omdat jy dink jou bydrae gaan geen effek op die groot geheel hê nie. Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie.

Een laaste saak is nog die moeite werd om hier te noem. Die herbou van die tempel in Sagaria se dae was nie maar net 'n voorbereiding vir die koms van die koninkryk van God nie. Die herbou van die tempel was eintlik deelname in die koninkryk van God. In vergelyking met baie ander dinge was die herbou van die tempel maar 'n ou klein sakkie. Maar met die herbou van die tempel het die koninkryk van God reeds begin deurbreek in die wêreld in.

Jou en my verkondiging van die evangelie van Jesus in woord en daad aan mekaar, aan hierdie kinders, of enigiemand anders is nie maar net 'n vertel van God se koninkryk waar Hy alleen Koning is en waar Hy met sy Woord en Gees in die lewens van mense regeer nie. Jou gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees deur te vertel is 'n sigbaarwording van die koninkryk van God in hierdie wêreld. En waar een mens deur jou bietjie vertel op sy knieë neerval en Jesus Christus aanneem as sy persoonlike Verlosser, daar het die koninkryk van God in die wêreld deurgebreek.

Geliefdes, ons sluit af. In Naam van die Here Jesus word ons as gemeente opgeroep om vir die ouderlinge en diakens te bid sodat die Gees hulle die vrymoedigheid sal gee om kragtig die werk te doen wat die Here aan hulle opgedra het. Laat ons almal bid om vrymoedigheid en krag sodat ons die werk kan doen wat die Here vir ons as die Gereformeerde Kerk Bellville gegee het. Bid dat die Heilige Gees ons lei om die regte toerusting te kies, die regte woorde te kies op huisbesoek en in prediking sodat ons almal met die Gees vervul kan wees om die werk van die Here te doen. Dit is nie met ons eie mag en krag wat ons die bouwerk sal kan doen nie, maar net deur die Gees van die Here sal ons slaag.

En in die tweede plek: Niemand van ons te gekwalifiseerd of te belangrik om watter dienswerk ook al in die koninkryk van God te doen nie. Niemand van ons se bydrae in die koninkryk is so onbenullig dat dit maar gelos kan word nie. Ons doen die werk van die Here mos nie met eie krag en mag of kwalifikasies nie maar deur die Gees van die Here. God se koninkryk is groot en allesomvattend, en daarom mag ons die dag van klein dingetjies nooit gering ag nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 116:8, 9, 10 (p. 570)

- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader  
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:  
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.

10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 Januarie 2015